

21 April

Skrifgedeelte: Psalm 11 en 12  
Fokusgedeelte: Psalm 12

### Ware vryheid is alleen by God moontlik

Ons lewe nou al sewe jaar in die nuwe Suid-Afrika. Tog is die nuwe maar nog net soos die ou een. Dit gaan nou nie hier om enige vorm van etnisiteit nie. Dit gaan om die eeu-oue stryd tussen goed en kwaad. Een nuusbuletin en een dag se koerant laat onuitwisbaar die indruk dat ons in 'n wêreld van bedrog, onreg en geweld leef. Ons word toegegooi met woorde.

Hoe lyk die wêreld waarin die digter roep: "*Help tog Here*" (12:2). Hierdie "*help tog*" beteken in werklikheid "bevry my tog" van 'n wêreld waar daar geen vromes en geen betroubare mense is nie; waar bedrog en verwaandheid die oorhand het; waar die waarde van woorde en beloftes niks werd is nie, en waar onreg teenoor die armes en magteloses gepleeg word. Dit is die ou wêreld waaruit die digter roep om bevryding, maar só lyk die nuwe wêreld egter ook.

Die wêreld is as't ware beleër deur die sonde en die kwaad. Hier roep God ons om sy kinders te wéés. Hierdie stukkende wêreld gee aan ons die geleentheid om anders te wees. In 'n wêreld van onbetroubares kan ons so helder skyn met ons betroubaarheid. Ons eerlikheid behoort verkwiklik te wees waar bedrog heers. Die silwerskoon (12:7) Woord van die Here behoort te blink in hierdie donker, somber wêreld. Met die bevryding wat Jesus Christus van die sonde en van Satan gebring het en deur die heerskappy van die Heilige Gees en die Woord, kan ons werklik die gemeenheid van ons wêreld teenstaan en weerstaan. Ons moet dit bedoel wanneer ons bid: "*Bevry ons Here*". Ja, ons is deur Jesus Christus bevry, maar deur die krag van God moet ons daaglik medewerkers wees om in die eerste plek die sonde in ons eie lewe uit te roei. Ons moet die sonde egter ook uit die wêreld uitroei deur ons lewenspad skoon te hou volgens die Woord van God.

Sing: Psalm 32:1

Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)